BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**10c** **Donderdag, 2 November 1967** **WINDHOEK** **Thursday, 2 November 1967** **No. 2832 A**

**INHOUD**

No. 180 Pryse van Vars Melk, Vars Room en Afgeroomde Melk Verkoop in die Munisipale Gebied van Windhoek . . . . . . . . . . . .

No. 181 Produsenteprys van Vars Melk in Windhoek . .

**CONTENTS** *Bladsy/Page*

Prices of Fresh Milk, Fresh Cream and Skimmed Milk Sold in the Municipal Area of Windhoek . . . . 1

Producers Price of Fresh Milk in Windhoek . . . . 2

---

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur, Windhoek.

## Government Notices.

The following Gowernment Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office, Windhoek.

---

No. 180.] [2 November 1967

PRYSE VAN VARS MELK, VARS ROOM EN AFGEROOMDE MELK VERKOOP IN DIE MUNISIPALE GEBIED VAN WINDHOEK.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid aan hom verleen by artikel 10 (c) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1962 (Ordonnansie 29 van 1962) — hierna heet dit die ordonnansie — die pryse vir vars melk, vars room en afgeroomde melk bepaal deur die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid ingevolge die genoemde paragraaf (c) soos in die bylae hiervan uiteengesit met ingang van die eerste dag van November 1967 goed te keur.

Goewermentskennisgewing 68 van 1 Mei 1963 word hierby ingetrek.

SKEDULE.

Die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid het kragtens artikels 10 en 12 van die ordonnansie besluit dat met ingang van die eerste dag van November 1967 —

(a) die Munisipaliteit van Windhoek vars melk, vars room en afgeroomde melk teen die volgende vasgestelde pryse sal verkoop:—

(1) vars melk verkoop in kwartbottels: vyftien sent per kwart plus 'n deposito van sewe en 'n half sent vir elke kwartbottel waarin vars melk verkoop word;

(2) vars melk verkoop in wegdoenbare houers van een pint aan persone wat gelisensieer is om melk in kleinmaat te verkoop: nege en 'n kwart sent per pint;

No. 180.] [2 November 1967

PRICES OF FRESH MILK, FRESH CREAM AND SKIMMED MILK SOLD IN THE MUNICIPAL AREA OF WINDHOEK.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 10 (c) of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962) — hereinafter referred to as the ordinance — to approve, with effect from the first day of November, 1967, the prices determined by the Dairy Industry Control Board in terms of the said paragraph (c) for fresh milk, fresh cream and skimmed milk as set out in the schedule hereto.

Government Notice 68 of the 1st May, 1963, is hereby withdrawn.

SCHEDULE.

The Dairy Industry Control Board has in terms of sections 10 and 12 of the ordinance determined that as from the first day of November, 1967 —

(a) the Windhoek Municipality shall sell fresh milk, fresh cream and skimmed milk at the following fixed prices:—

(1) fresh milk sold in quart bottles: fifteen cents per quart plus a deposit of seven and a half cents for each quart bottle in which fresh milk is sold;

(2) fresh milk sold in non-returnable one pint containers to persons licenced to sell milk by retail: nine and a quarter cents per pint;

(3) vars melk verkoop in wegdoenbare houers van een pint aan persone wat nie gelisensieer is om melk in kleinmaat te verkoop nie: tien sent per pint;

(4) vars melk verkoop in melkkanne aan vervaardigers van roomys: sestig sent per gelling;

(5) vars melk verkoop in melkkanne aan verwerkers van vars melk: vyf-en-veertig sent per gelling;

(6) vars room verkoop in wegdoenbare houers van 'n half-pint: dertig sent per halfpint;

(7) vars room verkoop in wegdoenbare houers van een pint: sestig sent per pint;

(8) vars room verkoop in kwartbottels: honderd-en-twintig sent per kwart plus 'n doposito van sewe en 'n half sent vir elke kwartbottel waarin room verkoop word;

(9) vars room verkoop in melkkanne aan verwerkers van vars melk en vervaardigers van roomys: vierhonderd sent per gelling;

(10) afgeroomde melk verkoop in kwartbottels: sewe en 'n half sent per kwart plus 'n deposito van sewe en 'n half sent vir elke kwartbottel waarin afgeroomde melk verkoop word;

(11) afgeroomde melk verkoop in melkkanne aan verwerkers van vars melk en vervaardigers van roomys: twintig sent per gelling;

(12) afgeroomde melk verkoop in melkkanne aan vervaardigers van fabriekskaas: tien sent per gelling;

(13) afgeroomde melk verkoop in kanne op enige ander wyse as in paragrawe (10), (11) en (12): twee en 'n half sent per gelling.

(b) niemand behalwe die Munisipaliteit van Windhoek mag vars melk, vars room en afgeroomde melk in die munisipale gebied van Windhoek teen pryse hoër as die volgende maksimum pryse verkoop nie:—

(1) vars melk verkoop in kwartbottels: sewentien sent per kwart plus 'n deposito van sewe en 'n half sent vir elke kwartbottel waarin vars melk verkoop word;

(2) vars melk verkoop in wegdoenbare houers van een pint: tien sent per pint;

(3) vars room verkoop in wegdoenbare houers van 'n halfpint: vyf-en-dertig sent per halfpint;

(4) vars room verkoop in wegdoenbare houers van een pint: sewentig sent per pint;

(5) vars room verkoop in kwartbottels: honderd-en-veertig sent per kwart plus 'n deposito van sewe en 'n half sent vir elke kwartbottel waarin room verkoop word;

(6) afgeroomde melk verkoop in kwartbottels: tien sent per kwart plus 'n deposito van sewe en 'n half sent vir elke kwartbottel waarin afgeroomde melk verkoop word.

---

No. 181.] [2 November 1967

PRODUSENTEPRYS VAN VARS MELK IN WINDHOEK.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 10 (c) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1962 (Ordonnansie 29 van 1962) — hierna heet dit die ordonnansie — die prys vir vars melk bepaal deur die

(3) fresh milk sold in non-returnable one pint containers to persons not licenced to sell milk by retail: ten cents per pint;

(4) fresh milk sold in milk cans to ice cream manufacturers: sixty cents per gallon;

(5) fresh milk sold in milk cans to fresh milk processors: forty-five cents per gallon;

(6) fresh cream sold in non-returnable half pint containers: thirty cents per half pint;

(7) fresh cream sold in non-returnable one pint containers: sixty cents per pint;

(8) fresh cream sold in quart bottles: hundred and twenty cents per quart plus a deposit of seven and a half cents for each quart bottle in which fresh cream is sold;

(9) fresh cream sold in milk cans to fresh milk processors and ice cream manufacturers: four hundred cents per gallon;

(10) skimmed milk sold in quart bottles: seven and a half cents per quart plus a deposit of seven and a half cents for each quart bottle in which skimmed milk is sold;

(11) skimmed milk sold in milk cans to fresh milk processors and ice cream manufacturers: twenty cents per gallon;

(12) skimmed milk sold in milk cans to factory cheese manufacturers: ten cents per gallon;

(13) skimmed milk sold in cans otherwise than in paragraphs (10), (11) and (12): two and a half cents per gallon.

(b) no person other than the Windhoek Municipality shall sell fresh milk, fresh cream and skimmed milk in the municipal area of Windhoek at prices above the following maximum prices:—

(1) fresh milk sold in quart bottles: seventeen cents per quart plus a deposit of seven and a half cents for each quart bottle in which fresh milk is sold;

(2) fresh milk sold in non-returnable one pint containers: ten cents per pint;

(3) fresh cream sold in non-returnable half pint containers: thirty-five cents per half pint;

(4) fresh cream sold in non-returnable one pint containers: seventy cents per pint;

(5) fresh cream sold in quart bottles: hundred and forty cents per quart plus a deposit of seven and a half cents for each quart bottle in which fresh cream is sold;

(6) skimmed milk sold in quart bottles: ten cents per quart plus a deposit of seven and a half cents for each quart bottle in which skimmed milk is sold.

---

No. 181.] [2 November 1967

PRODUCERS PRICE OF FRESH MILK IN WINDHOEK.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 10 (c) of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962) — hereinafter referred to as the ordinance — to approve, with effect from the first day of November,

Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid ingevolge genoemde paragraaf (c) soos in die bylae hiervan uiteengesit met ingang van die eerste dag van November 1967 goed te keur.

Goewermentskennisgewing 149 van 2 Oktober 1967 word hierby ingetrek.

BYLAE.

Die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid het ingevolge artikels 10 en 12 van die ordonnansie bepaal dat met ingang van die eerste dag van November 1967 geen varsmelkverwerker geleë in die munisipale gebied van Windhoek vars melk van enige varsmelkprodusent mag aankoop of verkry nie buiten op grondslag van beide sy gewig en bottervetgehalte en teen 'n ander prys as die onderstaande vasgestelde pryse:—

(a) 302 sent per 100 lb. melk, plus

(b) 32 sent per pond bottervetgehalte van sodanige melk:

Met dien verstande dat die totale prys per 100 lb. melk bereken soos per (a) plus (b) hierbo nie 462 sent mag oorskry nie.

1967, the price determined by the Dairy Industry Control Board in terms of the said paragraph (c) for fresh milk as set out in the Schedule hereto.

Government Notice 149 of the 2nd October, 1967, is hereby withdrawn.

SCHEDULE.

The Dairy Industry Control Board has in terms of sections 10 and 12 of the ordinance, determined that as from the first day of November, 1967, no fresh milk processor situated in the municipal area of Windhoek shall purchase or acquire fresh milk from any fresh milk producer otherwise than on the basis or both its weight and butterfat content and at a price other than the following fixed prices:—

(a) 302 cents per 100 lbs. of milk, plus

(b) 32 cents per pound of butterfat contained in such milk:

Provided that the total price per 100 lbs. of milk calculated as per (a) plus (b) above shall not exceed 462 cents.